# FAMILIENUUS

## NG KAMEELDRIF

Sondag, 12 April 2026 / Kwartaal 2, Uitgawe 1

### STERKTE VIR KWARTAAL 2!

Mag hierdie nuwe kwartaal vir elkeen van julle vol nuwe geleenthede, groei en seën wees. Hou moed, bly sterk en onthou – julle is nie alleen nie. Ons stap saam die pad.





### ‘N KWARTAAL OM NA UIT TE SIEN!

Ons is opgewonde oor die uitdagende maar heerlike kwartaal wat voorlê!
Van NG Kameeldrif se 70 jaar vieringe tot Kuierfees – daar lê baie om na uit te sien.




### DANKBAAR VIR GROEI EN VERNUWING

Ons is opreg dankbaar vir alles wat laas kwartaal op ons kerkterrein gebeur het – van die verbeterings by PureView tot ons nuwe ingangshekke wat reeds ’n verskil maak. Hierdie kwartaal sien ons met groot verwagting uit na ons nuwe inligtingsborde wat nog meer waarde gaan toevoeg.

www.kameeldrif.org info2@kameldrif.org 076 554 5031

## SONDAG, 12 APRIL



Ds Jacques Heymans preek vandag


Teks: Johannes 20: 19-23

Tema: Hy staan waar jy wegkruip

## KLETSERS

Kletsers is weer terug vir 'n splinternuwe kwartaal!
Ons sien uit na 'n tyd van groei, pret en saam leer oor God se liefde.
Kom sluit gerus by ons aan – al die kinders is welkom!

## VOLGENDE SONDAG







## Opwindende nuus!

Volgende Sondag vier ons 70 jaar NG Kameeldrif én onthul ons **splinternuwe website!**
Hou jou oë oop – meer besonderhede volg volgende Sondag!


KAMEELDRIF
KUIERFEES
30
Mei
Bring jou
familie & vriende
en kom kuier saam
09:00
Pretpark & Kindervermaak
Pretloop, Vleistafel, Stalletjies
Kosstalletjies
Veiling
12:00
FAMILIEKERK
NG KAMEELDRIF
Toegang gratis &
Kaartmasjien beskikbaar
NG Kameeldrif - Navrae - 076 554 5031

# NUWE INTREKKERS

Indien jy nuut is in ons gemeente, nooi ons jou hartlik uit om deel te word van ons geloofsfamilie. Kom ontmoet ons en leer meer oor wie ons is by die inligtingstoonbank of in die week by die kerkkantoor.

# TO UITREIK GEDURENDE DIE VAKANSIE

Boodskap van die ouers - Ds Drian, baie dankie vir alles wat jy vir ons kinders beteken. Jou tyd, geduld en opregte omgee maak 'n blywende verskil in hul lewens.

Dankie vir jou leiding, ondersteuning en liefde – dit word raakgesien en diep waardeer.

Jy is regtig 'n groot seën vir Kameeldrif!






Kerkkantoor is Maandae tot Vrydae oop van 07:00 tot 13:00.